# Volhard met vreugde!

**Instruksies:** Doen hierdie oefening op ’n stil plek. Stel jou voor dat jy die gebeure sien plaasvind terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die tonele. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.
**Hoofkarakters:** Die apostel Paulus, Silas, ’n diensmeisie, haar eienaars en ’n tronkbewaarder.
**Opsomming:** Paulus en Silas word in die tronk gegooi omdat hulle gepreek het; dan word hulle deur ’n aardbewing bevry.

## 1 DINK NA OOR DIE TONEEL.—LEES HANDELINGE 16:16-40.

Watter uitdrukking “sien” jy op die gesigte van die diensmeisie se eienaars? (*Lees weer verse 19-22.*)

van Paulus en Silas terwyl hulle in die tronk is? (*Lees weer vers 25.*)

Beskryf hoe jy dink die “groot aardbewing” gevoel en geklink het. (*Lees weer verse 26, 27.*)

Met watter stemtoon dink jy het die apostel Paulus met die tronkbewaarder in verse 28-31 gepraat?

## 2 DELF DIEPER.

Was die aardbewing ’n natuurlike verskynsel? Waarom, of waarom nie? (Leidraad: Lees Handelinge 4:31; 5:19; 12:7.)

Waarom was die tronkbewaarder dalk verbaas dat Paulus en Silas hom so vriendelik behandel het? (*Lees weer Handelinge 16:23, 24.*)

Hoe het die vervolging van Paulus en Silas hulle gehelp om vir meer mense te preek? (Leidraad: *Lees weer verse 25 en 33.*)



www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

## 3 PAS TOE WAT JY GELEER HET.

Skryf neer wat jy geleer het oor . . .

Hoe om lyding te verduur.

Die voordele van volharding.
(Lees Jakobus 1:2-4.)

## 4 VRA JOU AF.

Wanneer het ek veral volharding nodig?

Hoe kan ek Paulus navolg in hoe ek ander mense behandel wanneer ek lyding verduur?

Watter les uit hierdie verhaal is vir my die belangrikste, en waarom?

**Voorstel:** Stel jou voor dat jy die tronkbewaarder is. Beskryf die gebeure in hierdie verhaal uit sy oogpunt. Sluit die tronkbewaarder se gevoelens in terwyl hy Paulus en Silas opsluit, die aardbewing ervaar en uiteindelik saam met sy gesin gedoop word.



Laai hierdie PDF af by www.jw.org/af



www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania